## Les 15 ONS BEHOORT AAN DIE HERE: ONS ERF ALLES VAN DIE HERE

Kom ons lees Romeine 8 verse 15 tot 17 saam: *"15 Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: "Abba!" Dit beteken Vader. 16 Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is. 17 En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus. Aangesien ons deel het aan sy lyding, sal ons ook deel hê aan sy heerlikheid.*

### 1. God laat ons erf

Die Here sê vir ons ons is "erfgename van God". 'n Erfgenaam is iemand wat erf. Wat beteken hierdie woord: "erf"? Erf is wanneer iemand alles wat hy het, aan ander mense gee wanneer hy doodgaan!

Mense kan nie hulle huise, karre, geld, klere, meubels of gereedskap met hulle saamvat as hulle doodgaan nie. Maar dit bly hulle s'n al is hulle dood.

Maar hulle kan mense laat erf. Erf beteken hulle gee alles wat hulle het, vir ander mense wanneer hulle doodgaan.

So erf kinders gewoonlik alles wat aan hulle ouers behoort, wanneer hulle ouers doodgaan. Alles wat aan die ouers behoort, word die kinders s'n. Dit gebeur nie sommer so vanself nie. Ouers moet besluit dis wat hulle wil doen en dit op papier skryf dat hulle al hulle goed vir hulle kinders gee. Dan moet hulle hul handtekening bysit om te wys dit is wat hulle wil hê met hulle goed moet gebeur wanneer hulle doodgaan. Hulle goed moet hulle kinders se goed word. Die kinders is dan hulle ouers se erfgename.

Wat sê die Bybel, wie se erfgename is ons?

Ons is God se erfgename! God laat ons erf.

### 2. Ons erf saam met Christus

Hoe erf mense?

Mense erf as hulle goed kry van iemand wat doodgaan. As iemand besluit my goed word jou goed as ek doodgaan – dan erf ons.

So! Jy kan net erf as iemand doodgaan en jy kan net iemand wat dood is, se goed erf.

’n Mens kan nie lewendige mense se goed erf nie. As iemand wat lewe vir jou iets gee, dan erf jy nie iets nie. Dan kry jy ’n geskenk. Lewendige mense gee geskenke vir mekaar as hulle sommer besluit om iets vir mekaar te gee.

Hoe laat God ons erf?

God kan mos nie doodgaan en ons alles gee wat Hy as God besit nie. God is onsterflik. Hy is ewig en leef sonder dat Hy ooit kan doodgaan.

God laat ons erf – saam met Christus.

Christus is die Here, maar Hy is ook saam met ons mens. Hy is gebore en het gesterf. Toe het Hy weer lewendig geword en vandag leef Hy vir altyd as ’n mens in die hemel.

God laat ons erf saam met Christus: as die Here as mens vir ons doodgaan, dan gee Hy alles wat Hy op aarde gehad het – aan Sy kinders.

Dit is hoe ons erf: ons kry alles wat die Here op aarde gehad het. Hy het besluit ons kan alles wat Hy op aarde gehad het, kry. Hy gee dit vir ons – alles wat Syne is, het Hy ons s’n gemaak.

**Dit is die woorde wat ons moet onthou: erf beteken – alles wat die Here s’n was op aarde, het Hy ons s’n gemaak.**

**3. Ons erf omdat ons God se kinders is**

Kom ons kyk weer na vers 17: “[17] *En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename*.”

Ons behoort aan die Here. Ons is die Here se kinders. Kan julle nog onthou – watter teken het die Here vir julle gegee om te wys dat julle Sy kinders is? Dit is julle doop! Dit is die merk wat wys dat julle aan die Here behoort. Net soos ’n brandmerk wys die kalfies behoort aan ’n boer.

Hoekom laat die Here julle alles erf wat Syne was op aarde?

Omdat julle Sy kinders is. Dit is wat met kinders gebeur. Kinders erf van ouers. Kinders erf net omdat hulle kinders is. Ouers gee alles wat hulle het vir hulle kinders – want hulle wil hê dat hulle goed die kinders se goed sal wees. Ouers wil altyd hulle kinders laat erf.

Hoekom laat die Here julle erf? Omdat julle aan die Here behoort. Julle is Sy kinders en dit is wat God met Sy kinders doen – Hy laat hulle erf. Hy gee alles wat op aarde Syne was, vir ons.

**4. Ons erf die lyding en die heerlikheid van die Here**

Wat erf ons by die Here?

Kyk wat sê vers 17: "*Aangesien ons deel het aan sy lyding, sal ons ook deel hê aan sy heerlikheid"*

Ons erf twee dinge by die Here: 1. Sy lyding en 2. Sy heerlikheid.
Wat is die "lyding" van die Here wat ons erf? 'n Ander woord vir lyding is swaarkry. Ons erf die Here se swaarkry. Watter swaarkry het die Here gehad?

Sy swaarkry was dat Hy

- Beskuldig is vir ons sonde
- Gekruisig is vir ons sonde
- Gesterf het vir ons sonde
- Alleen en eensaam was vir ons sonde

Dit was Syne op aarde. Dit is wat Hy ons laat erf. Ons kry hierdie swaarkry. Dit word ons s'n en dit tel vir ons.

Wat help dit ons om sulke snaakse goed te erf? Dit help ons want nou tel die Here se beskuldiging, se kruisiging, se sterwe en alleenwees, vir ons sonde. Omdat ons die Here s'n erf, sal God ons nooit weer vir ons sondes beskuldig nie, Hy sal ons nooit vir ons sondes kruisig of laat sterf nie. God sal ons nooit oor ons sondes alleen laat wees nie.

Ons erf die Here se swaarkry – daarom sal God ons nooit self vir ons eie sondes laat swaarkry nie.

Ons erf nog iets – heerlikheid.

Wat was die Here se heerlikheid? Dit was God die Vader se liefde en goedheid vir Hom. Dit was die Here s'n op aarde. Dit is wat Hy ons laat erf. Ons kry die Here se heerlikheid. Dit word ons s'n en tel vir ons.

Ons erf God se liefde en goedheid – dit is vir ons gegee en dit kan nooit weer by ons weggevat word nie.

**5. Ons vrees nie God nie, ons noem Hom dankbaar en bly "ons Vader"**

Verlede keer het ons gesien dat God ons altyd net Sy kinders noem – al doen ons dinge wat maak dat Hy ons slegte name kan noem.

Kom ons kyk weer! Hoekom noem die Here ons net "My kinders" en nooit "My liegbek-kind", "My vuilbek-kind", "My skinderbek-kind", "My klikbek-kind", "My skelm kind", "My slegte kind", "My boelie-kind" of "My stoute kind" nie?

Hier is die groot antwoord: **want ons is erfgename** – ons het alles van die Here ge-erf wat Hy op aarde gehad het. Hy is God se Seun en dit is wat ons erf!

Ons erf Sy swaarkry – die Here is al die slegte name genoem in ons plek!
Ons erf Sy heerlikheid – Hy is die Seun van die Vader.

Omdat ons die Here se swaarkry erf , sal ons nooit self swaarkry en slegte name by God kry nie. Omdat ons erf, kry ons die heerlikheid van die Here: Hy is die Seun van die Vader en ons is saam met Hom – die Seun – kinders van die Vader.

Wat doen kinders wat erf? Hulle is dankbaar en bly om kinders te wees.

Moet ons God nog vrees as Hy ons nooit slegte name gaan gee nie, maar altyd net Sy kinders noem? Moet ons God vrees omdat Hy ons gaan laat swaarkry vir ons sonde en ons gaan verneder en slegmaak?

God sal nooit iets anders met ons doen as om ons te laat erf nie – ons erf Christus se swaarkry en daarom kry ons nooit swaar vir ons eie sonde nie, en ons erf die liefde en goedheid van God die Vader vir Sy Seun.

Wat noem die Here vir God omdat Hy God se Seun is? Hy noem God “My Vader”.
Wat noem ons God die Vader omdat ons erfgename van die Here is? Ons noem God die Vader – ons Vader!

Hy sal vir ons net so goed en lief wees as wat Hy die Here self het. Daarom is ons nie bang vir God nie – maar ons noem Hom bly en dankbaar “ons Vader”. Hy is ons Vader wat ons nooit slegte name noem as ons verkeerd doen nie – maar altyd net Sy kinders noem vir wie Hy goed en lief bly.

Kan ’n mens bang wees vir iemand wat jou nooit slegte name sal noem as jy verkeerd doen nie, maar altyd vir jou goed en lief bly?

Net so – ons kan God nie vrees nie – Hy is ons Vader. Ons erf alles wat die Here s’n was – en sal nooit slegte name by God kry nie – net liefde en goedheid.

Daarom noem ons God die Vader – “ons Vader”: ons vertrou Hom dat Hy ons altyd liefhet en vir ons goed is.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

________________________________
Handtekening: ouer of voog